



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2013

GESKIEDENIS V2

PUNTE: 150

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos in die riglyndokument, gebaseer is:

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989?

- Op die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika

VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP AFRIKA?

- Gevallestudie: ANGOLA

VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA AS 'N DEMOKRASIE UIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990's NA VORE GETREE?

VRAAG 4: HANTERING VAN DIE VERLEDE EN KYK NA DIE TOEKOMS: DIE WERK VAN DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreide skryfwerk-vraag toegeken word.
3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae moet kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toepas.
5. Die blote oorskrif van die bronne as antwoord sal kandidate benadeel.
6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJETUNIE TOT DIE BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BYGEDRA?

Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1C en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

- 1.1.1 Watter leier van die Sowjetunie word in die spotprent gesimboliseer? (Visuele bron) (1 x 1) (1)
- 1.1.2 Deur jou eie kennis te gebruik, verduidelik die term *Perestroika*. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Deur jou eie kennis te gebruik, noem die ander beleid wat deur Gorbachev ingestel is wat uiteindelik tot die val van kommunisme gelei het. (Visuele bron) (1 x 2) (2)
- 1.1.4 Deur jou eie kennis te gebruik, verduidelik hoe die politieke situasie in die Sowjetunie deur Gorbachev se hervormings geaffekteer was. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)
- 1.1.5 Wat, volgens die bron, was die implikasies van Gorbachev se hervormings vir die Sowjetunie? (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

- 1.2.1 Gebruik die bron en identifiseer watter internasionale gebeurtenis in Oos-Europa daartoe aanleiding gegee het dat De Klerk die dapper besluite gemaak het. (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die internasionale gemeenskap druk op Suid-Afrika geplaas het om onderhandelings met die ANC te begin. (2 x 2) (4)
- 1.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom De Klerk gedwing was om die beleid van die Nasionale Party te verander. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

- 1.3.1 Deur die bron te gebruik, identifiseer die verreikende veranderinge wat deur De Klerk op 2 Februarie 1990 aangekondig was. (2 x 1) (2)
- 1.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die impak wat De Klerk se besluit op die Suid Afrikaanse politieke situasie gehad het. (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Deur jou eie kennis te gebruik en verduidelik waarom daar gemengde reaksie op De Klerk se besluit was. (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik of jy saamstem of nie-saamstem met die stelling dat Suid-Afrika haarself in 'n "doodloopstraat" bevind? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

- 1.4 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik die ooreenkomste tussen Bron 1A en Bron 1C in terme van die inisiatief wat deur De Klerk in Suid-Afrika en Gorbachev in die Sowjetunie onderneem was. (2 x 2) (4)
- 1.5 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die Suid-Afrikaanse regering gedwing was om die apartheidsbeleid te verander. (8)
- 1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.6.1 OF VRAAG 1.6.2.

- 1.6.1 Verduidelik hoe die val van kommunisme en die ineenstorting van die USSR uiteindelik tot die val van apartheid in Suid-Afrika gelei het. (30)

OF

- 1.6.2 “Eksterne en interne faktore het apartheidsregering en die bevrydigingsorganisasies gedwing om te onderhandel vir 'n nuwe Suid-Afrika.”

Stem jy saam met hierdie verklaring? Motiveer jou antwoord deur die inligting van AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
[75]

VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA IN DIE 1990's GELEI?

Bestudeer Bronne 2A, 2B en 2C om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

- 2.1.1 Watter koloniale moondheid het Angola voor haar onafhanklikheid regeer? (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Noem die TWEE opponerende magte wat teen mekaar geveg het om Angola te beheer. (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Gebruik jou eie kennis en die bron om te verduidelik hoe Angola in die Koue Oorlog gebruik was. (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Waarom dink jy het die Russe en Amerikaners in Angola betrokke geraak? (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

- 2.2.1 Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel word met die begrip *Marxisme-Leninisme*. (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Angola besluit het om Marxisme-Leninisme af te skaf. (2 x 2) (6)
- 2.2.3 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik watter probleme die supermoondhede met hul betrokkenheid in Angola veroorsaak het. (2 x 2) (4)
- 2.2.4 Volgens die bron, watter persentasie stemme het die MPLA behaal? (1 x 1) (1)
- 2.2.5 Watter afleiding kan jy maak vanuit die bron, met in agneming van die ekstra partye wat aan die 1992 verkiesing deelgeneem het? (2 x 2) (4)
- 2.2.6 Sal hierdie bron bruikbaar is vir 'n historikus wat navorsing doen oor die politieke veranderinge in Angola? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2C.

- 2.3.1 Verduidelik wat met *vlugtelinge* bedoel word. (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Wat, volgens die bron, was die negatiewe effekte wat die burgeroorlog op Angola gehad het? (2 x 1) (2)
- 2.3.3 Watter indruk skep hierdie fotograaf oor die sosiale omstandighede in Angola? (1 x 2) (2)

- 2.4 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe Angola 'n slagoffer van die Koue Oorlog geword het. (8)

- 2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.5.1 OF VRAAG 2.5.2

- 2.5.1 Verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR bygedra het tot die hervoorstelling van Angola in die 1990's. (30)

OF

- 2.5.2 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel oor die gevolge wat die val van kommunisme op Angola gehad het. (30)
[75]

VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE ONDERHANDELINGSPROSES ONDERVIND?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Volgens die bron, wie was die TWEE opponerende swart groepe wat teen mekaar geveg het? (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die redes vir die konstante geweld tussen die twee partye. (2 x 2) (4)
- 3.1.3 Verklaar of jy saamstem met die volgende stelling dat “meer swartes was doodgemaak tydens konfrontasie onder mekaar as met die wit regering.” Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

- 3.2.1 Watter boodskap wil hierdie fotograaf graag oordra? (1 x 3) (3)
- 3.2.2 Verduidelik of hierdie bron bruikbaar is vir 'n historikus wat navorsing doen oor die uitdagings wat Suid-Afrika te kampe mee was. (2 x 2) (4)

- 3.3 Hoe komplementeer (ondersteun) Bron 3B vir Bron 3A met verwysing na die geweld wat in Suid-Afrika ondervind was? (1 x 2) (2)

3.4 Verwys na Bron 3C.

- 3.4.1 Deur jou eie kennis te gebruik, verduidelik die verwysing na die “Derde Mag” waarna in die bron verwys word. (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Deur gebruik te maak van die bron en jou eie kennis, verduidelik wat bedoel word dat die regering 'n “dubbele agenda” gehad het. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Deur gebruik te maak van jou eie kennis en beide standpunte, verduidelik die uitdagings wat leiers tydens die onderhandelingsproses in die gesig gestaar het. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bron 3D.

3.5.1 Deur jou eie kennis en die bron te gebruik, verduidelik in watter mate die Verklaring van Onderneming die weg vir 'n demokratiese Suid-Afrika gebaan het. (2 x 2) (4)

3.5.2 Watter kompromies, volgens die bron, het die ANC en die regering gemaak om die onderhandelingsproses te laat slaag? (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting in al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) en verduidelik of die politieke geweld regtig 'n geweldige impak op die onderhandelingsproses gehad het. (8)

3.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.7.1. OF VRAAG 3.7.2.

3.7.1 Bespreek die uitdagings wat Suid-Afrika tydens die onderhandelingsproses ondervind het. (30)

OF

3.7.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel oor hoe politieke geweld tussen die verskillende opponerende groepe die onderhandelingsproses belemmer het, maar uiteindelik tot die eerste demokratiese verkiesing gelei het. (30)
[75]

**VRAAG 4: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK)
WERKLIK VREDE EN REKONSILIASIE IN SUID-AFRIKA
TEWEEG GEBRING?**

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C en beantwoord die vrae wat volg.

4.1 Gebruik Bron 4A.

4.1.1 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik omskryf die volgende begrippe:

- | | | | |
|-----|---------------|---------|-----|
| (a) | Menseregte | (1 x 2) | (2) |
| (b) | Ubuntu | (1 x 2) | (2) |
| (c) | Rekonsiliasie | (1 x 2) | (2) |

4.1.1 Wat, volgens die bron was die redes vir die skepping van die WVK? (2 x 2) (4)

4.1.2 Waarom, dink jy het die interim grondwet verwys na “noodsaaklik om ’n gees van verstaanbaarheid, en nie van wraak” tot stand te bring? (2 x 2) (4)

4.2 Verwys na Bron 4B.

4.2.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit noodsaaklik vir mense was om vir amnestie aansoek te doen. (1 x 2) (2)

4.2.2 Volgens die bron, wat was die positiewe aspekte wat deur die WVK-verhore na vore gekom het? (4 x 1) (4)

4.3 Bestudeer Bron 4C.

4.3.1 Waarom was De Klerk skepties oor die feit dat Desmond Tutu die voorsitter van die WVK was? (2 x 2) (4)

4.3.2 Deur jou eie kennis te gebruik, verduidelik waarom De Klerk besluit het om sy volle samewerking te gee. (2 x 2) (4)

4.3.3 Deur die bron te gebruik verduidelik waarom De Klerk krities teenoor die WVK was. (1 x 2) (2)

4.3.4 Verduidelik die boodskap van die spotprenttekenaar. (1 x 3) (3)

4.3.5 Hoe komplementeer (ondersteun) die geskrewe bron die visuele bron ten opsigte van De Klerk se siening van die WVK? (2 x 2) (4)

- 4.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) en verduidelik waarom die WVK aan hewige kritiek onderworpe was. (8)

- 4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.5.1 OF VRAAG 4.5.2.

- 4.5.1 Bespreek of die WVK werklik suksesvol was om vrede en rekonsiliasie in Suid Afrika teweeg te bring. (30)

OF

- 4.5.2 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel waarin jy verduidelik of die WVK in sy doelwitte geslaag het, ten spyte van die kontroversie (uitlopende verskille). (30)
[75]

TOTAAL: 150

